

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**MUSIEK V2**

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 33**

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae. Neem kennis dat daar keuses in VRAAG 3 en VRAAG 5 is.

3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.

5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag hierdie bladsy verwyder.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word.

3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

5. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

**NASIENROOSTER**

| VRAAG | TOTALE PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| 1 | 2 | | |
| 2 | 9 | | |
| **SUBTOTAAL** | **11** | | |
| | | | |
| **AFDELING B** | | | |
| 3 | 6 | | |
| 4 | 3 | | |
| 5 | 3 | | |
| **SUBTOTAAL** | **12** | | |
| | | | |
| **AFDELING C** | | | |
| 6 | 10 | | |
| **SUBTOTAAL** | **10** | | |
| | | | |
| **GROOTTOTAAL** | **33** | | |

*Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoorde wat nie in die memorandum verskyn nie.*

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1: RITME

Speel Snit 1 VIER keer. Wag EEN minuut tussen elke herhaling.

Noteer die ritmiese patroon wat jy hoor op die partituur hieronder.



**Antwoord:**



OF



OF



*½ punt per pols*

(4 ÷ 2) **[2]**

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Speel Snit 2 EEN keer vir 'n algemene oorsig. |
|---|

### I Wonder

Lirieke en Musiek deur Benny Andersson, Stig Anderson en Bjorn Ulvaeus




| Speel Snit 3 DRIE keer. Wag EEN minuut tussen elke herhaling. |
|---|

2.1 Luister na die musiek vanaf maat 1–4. Voltooi maat 3–4 deur die ontbrekende note by (a) in te vul.

**Antwoord:**




*½ punt per noot = 8 ÷ 2 = 4 punte (Beide ritme en toonhoogte moet korrek wees)* (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Speel Snit 4 TWEE keer.

2.2 Luister na die musiek vanaf maat 5–8. Vul die ontbrekende nie-harmoniese note op die partituur by (b) en (c) in en identifiseer die tipe nie-harmoniese note by (b) en (c) hieronder.

**Antwoord:**
(b) Korrekte notasie = ½ *punt* – hulpnoot / wisselnoot ½ *punt*
(c) Korrekte notasie = ½ *punt* – deurgangsnoot = ½ *mark* (2)

Speel Snit 3 en Snit 4 weer.

2.3 Watter verskil hoor jy wanneer jy maat 1 en 2 in Snit 3 met maat 5 en 6 in Snit 4 vergelyk?

**Antwoord:**
'n Ritmiese variasie kom in maat 5 en 6 voor
**OF**
Voordragklem op die woord 'scares' in maat 6
**OF**
Melodiese variasie in maat 6 (1)

Speel Snit 5 EEN keer.

2.4 Luister na maat 9–12. Watter ritmiese komposisietegniek word in die melodie in maat 11–12$^2$ by (d) gebruik?

**Antwoord:**
Sinkopasie (1)

Speel Snit 6 TWEE keer.

2.5 Luister na maat 13–17. Noem die interval wat tussen die twee ontbrekende note by (e) gevorm word.

**Antwoord:**
Mineur derde = *1 punt*
*½ punt word toegeken vir die afstand van die interval*
*½ punt word toegeken vir die tipe interval* (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**Voorbeeld van partituur:**




**[9]**

**TOTAAL AFDELING A: 11**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPPE**

**VRAAG 3**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.2 ÓF 3.2 ÓF 3.3.**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| |
|---|
| Speel Snit 7, 8 en 9 opeenvolgend sodat kandidate kan kies watter vraag om te beantwoord. |

3.1 Speel Snit 7 TWEE keer.

3.1.1 Identifiseer die grootskaalse genre waaruit hierdie werk kom.

**Antwoord:**
Musiekteater (1)

3.1.2 Omkring VYF items wat jy in hierdie uittreksel hoor.

| | |
|---|---|
| **Gesproke stem** | Lento |
| Vierslagmaat | **Tweeslagmaat** |
| **Saamgestelde tyd** | **Tempo versnel** |
| **Fandango-ritme** | **Trompet** |
| *pp* | Klarinet |

*Enige 5 korrekte items* (5)
*Die eerste vyf antwoorde word gemerk. (Begin by die linkerkolom.)* **[6]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 Speel Snit 8 TWEE keer.

3.2.1 Identifiseer die styl van hierdie werk.

**Antwoord:**
Impressionisme (1)

3.2.2 Omkring VYF items wat jy in hierdie uittreksel hoor.

| | |
|---|---|
| **Mistige atmosfeer** | Allegro |
| Drieslagmaat | **Moderato** |
| Dominant 7de-akkoorde | **Parallelle derdes** |
| **Heeltoontoonleer** | **Parallelle vergrote drieklanke** |
| **Pedaalpunt** | Senza pedale |

*Enige 5 korrekte items* (5)
*Die eerste vyf antwoorde word gemerk. (Begin by die linkerkolom.)* **[6]**

**OF**

3.3 Speel Snit 9 TWEE keer.

3.3.1 Identifiseer die grootskaalse genre waaruit hierdie werk kom.

**Antwoord:**
Ballet/Orkesmusiek (1)

3.3.2 Omkring VYF items wat jy in hierdie uittreksel hoor.

| | |
|---|---|
| Hoë fluitsolo | Vinnige tempo |
| **Dissonansie** | **Lento** |
| **Metrumwisseling** | **Solo fagot** |
| **Cor anglais** | **Pizzicato-strykers** |
| Fransehoring-solo | Trompetmelodie |

*Enige 5 korrekte items* (5)
*Die eerste vyf antwoorde word gemerk. (Begin by die linkerkolom.)* **[6]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 4**

| Speel Snit 10 DRIE keer. |
|---|

Luister na Snit 10 en beantwoord die vrae hieronder.

4.1 Watter musiekstyle word in hierdie uittreksel vermeng?

**Antwoord:**
Barok en Afrika-style
Die volgende style kan oorweeg word: Klassieke musiek / Afro-jazz / Township / Westerse kunsmusiek (2)

4.2 Wat is die tydmaatteken van hierdie uittreksel?

**Antwoord:**
4/4-tyd (1)

4.3 Noem DRIE instrumente wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**
Kitaar / Tromstel (Slagwerk) / Klavier / Viool / Baskitaar / Kontrabas / Klavesimbel / Altviool / Klawerbord (3)
*Enige 3* (6 ÷ 2)
**[3]**

**VRAAG 5**

Lees en bestudeer die vrae in stilte vir DRIE minute.

| Speel Snit 11–17 EEN keer. |
|---|

**Kies enige DRIE vrae uit VRAAG 5.1 tot 5.7.** Dui die vrae wat jy kies aan deur die toepaslike nommer te omkring.

| Speel SNIT 11 EEN keer. |
|---|

5.1 (a) Met watter musiektipe of -styl assosieer jy hierdie werk? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| **Musiek vir sosiale geleenthede** | Kwaito | Moppies en ghoema-liedere |
|---|---|---|

(1)

(b) Behalwe vir die stemme, noem TWEE instrumente wat in hierdie werk gebruik word.

**Antwoord:**
Tromme / Fluitjie / Ratel / Horing
*Enige 2* (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Speel Snit 12 EEN keer.

5.2 (a) Met watter musiektipe of -styl assosieer jy hierdie werk? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | |
|---|---|---|
| Musiek vir sosiale geleenthede | **Kwaito** | Moppies en ghoema-liedere |

(1)

(b) Behalwe die stem, noem TWEE instrumente wat in hierdie werk gebruik word.

**Antwoord:**
Baskitaar/Sintetiese strykers/Tromstel (sintetiese tromme)/ Klawerbord
*Enige 2* (2)

Speel SNIT 13 EEN keer

5.3 (a) Met watter musiektipe of -styl assosieer jy hierdie werk? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | |
|---|---|---|
| Musiek vir sosiale geleenthede | Kwaito | **Moppies en ghoema-liedere** |

(1)

(b) Behalwe die stem, noem TWEE instrumente wat in hierdie werk gebruik word.

**Antwoord:**
Banjo / Kitaar / trekklavier / Konsertina / Tromme / Ratel / Tamboeryn / Baskitaar (2)
*Enige 2*

Speel Snit 14 EEN keer.

5.4 Dui DRIE musiekterme aan wat jy met hierdie werk assosieer. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

| | | |
|---|---|---|
| Polifonie | Pizzicato | Aërofone |
| Glissando | **Vraag en antwoord** | **Sinkopasie** |
| **Homofonie** | Idiofone | Da capo |

(3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Speel Snit 15 EEN keer.

5.5 Dui DRIE musiekterme aan wat jy met hierdie werk assosieer. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

| | | |
|---|---|---|
| **Ritenuto/Accelerando** | Barok | **Pizzicato** |
| **Glockenspiel** | Da capo | Polifonie |
| Glissando | Membranofone | **Idiofone** |

(3)

Speel Snit 16 EEN keer.

5.6 Dui DRIE musiekterme aan wat jy met hierdie werk assosieer. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

| | | |
|---|---|---|
| Tjellomelodie | Onreëlmatige metrum | Polifonie |
| Onreëlmatige frases | **Djembe/Conga** | Fluitmelodie |
| Duet | **Ostinato** | **Afro-jazz** |

(3)

Speel Snit 17 EEN keer.

5.7 Watter DRIE van die volgende terme assosieer jy met hierdie werk?

| | | |
|---|---|---|
| Drieslagmaat | **Ostinato** | Pizzicato |
| Glissando | Klassiek | Blues |
| Monofonie | **Altstem** | **Idiofone** |

(3)

**(9 ÷ 3)** **[3]**

*Rond opwaarts af, tot die naaste halwe punt*

**TOTAAL AFDELING B: 12**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING C: VORM**

**VRAAG 6**

Lees die vrae hieronder deur.

| Speel Snit 18 EEN keer. |
|---|

Bestudeer die klavierparty terwyl jy na die uittreksel luister.





Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Speel Snit 18 nog EEN keer.

6.1 Verskaf 'n volledige analise van die algehele struktuur van hierdie werk op die partituur. Merk die betrokke seksies met geskikte hoofletters en skryf die belangrikste toonsoorte neer. Skryf die vormtipe in die spasie hieronder neer.

**Antwoord:**
Seksie A: maat $0^3$–$8^2$, A majeur *(2 punte)*
Seksie B: maat $8^3$–$16^2$, D majeur (G majeur) *(2 punte)*
Seksie A: maat $16^3$– $24^2$ *(1 punt)*
Drieledige vorm / ABA-vorm *(1 punt)* (6)

Speel Snit 19 EEN keer.

6.2 Wat is die verskil tussen maat $0^3$– $4^2$ en $4^3$– $8^2$?

**Antwoord:**
Herhaling van die frase een oktaaf laer/eerste frase *f*, tweede frase sagter met 'n decrescendo / verandering van toonhoogte of dinamiek
*Enige 1* (1)

Speel Snit 18 EEN keer.

6.3 Skryf TWEE prominente ritmiese motiewe neer wat in hierdie werk voorkom. (2)

**Antwoord:**




*(Enige twee motiewe = 2 punte)* (2)
*Geskrewe beskrywende antwoorde sal aanvaar word.*
*Motiewe mag saamgevoeg word.*

Speel Snit 18 nog EEN keer.

6.4 Beskryf die stemming of atmosfeer van hierdie werk in jou eie woorde.

**Antwoord:**
Swaar, gewigtig, groots, soos 'n optog, majestueus, oorweldigend, lewendig, dramaties, passievol, mars-agtig, geesdriftig (1)
*Enige toepaslike antwoord wat die stemming beskryf, sal aanvaar word.* **[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 33**


Downloaded from eduresourceza.com